KOMMUNIKAMMA 18 OKTOBER 2020

Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:
U blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com
Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK
PSALM 62: 6-9
"Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek. Net Hy is my rots en redding, my veilige vesting sodat ek stewig staan. God is my redding en my krag. Hy is my rots, my sterkte, God is my toevlug. Vertrou altyd op Hom, my volk, stort julle hart voor Hom uit! God is vir ons 'n toevlug."

SAKE vir GEBED

- Ons bid vandag in besonder vir elkeen wat by ons gesondheidsdienste betrokke is. Ons eer die Here vir elke man en vrou wat met hul gawe van genesing dien om ons lewens beter te maak.
- Ons dank die Heer vir almal wat veilig deur die pandemie gekom het en bid vir almal wat ernstige verliese op een of ander wyse gely het.
- Loof die Heer vir die milde reën wat Hy uitgestort het. Ons bid vir nog reën in ons opvangsgebiede en ook in al die droogte geteisterde dele van ons land.
- Ons president het 'n baie moeilike taak en ons glo dat U vir hom en sy kabinet intree. Bid dat hy positief sal bly te midde van al die ongeregtigheid en dat hy insig by God sal soek.
- Ons bring weer al die mense in ons land voor God en pleit Sy genade oor almal. Hy is in beheer en die Almagtige.
- Dra elke ouer lid van ons gemeente aan die Vader op. Bid vir krag, leiding en blymoedigheid ten spyte van pyn, siekte en eensaamheid.
- Die fisiese nood bly baie hoog. Ons bid vir elkeen wat gebrek ly en in nood verkeer.
- Giel Meyer en Pierre Rootman se gesondheid verbeter.
- Bid vir Peter Crous, Margita Marx en Johan Robertse wat sukkel met hul gesondheid.
- Dink ook aan Fred en Sandra Vosloo in jul gebede.
- Linda Potgieter gaan vir 'n operasie.
- Florence wat sulke goeie werk vir die Koninkryk in Kleinskool doen, trek swaar en het gebed nodig.
- Bid vir die matrieks wat reeds eksamen skryf. Hulle het almal vanjaar besondere ondersteuning nodig.
- Dit was Sondag weer 'n voorreg om saam met ons Christenfamilie in die kerkgebou te wees. Loof die Here.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:
Die Sultan van **Brunei** word amptelik as die beskermer en verdediger van Islam beskou. Bid dat die Here die ongeveer 50 000 Christene wat binne die land woon, sal beskerm en verdedig.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU
Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Onder die regulasies van vlak 1 mag die kerkgebou tot 50% van die kapasiteit gevul word per erediens. Indien jy een van die eredienste wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi.
https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8 . Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi. Dit verseker jou van 'n plek in die erediens. Indien jy die vorm nie betyds voltooi nie, is jy steeds welkom om die vorm later, selfs Sondagoggend, te voltooi en die erediens by te woon.
Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimtone toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.
Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 18 Oktober

EREDIENSTE

08:30 Eietydse Diens

10:00 Klassieke Diens

Deurdankoffer gaan die week vir die Bybelgenootskap.

Die digitale eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Maandag 19 Oktober

12: 45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie. Almal is welkom.

Dinsdag 20 Oktober

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en teen Woensdag 14 Oktober is reeds R 133 931.96 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons help 30 gesinne per week. Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by MG van Rooyen (Asterlaan 16) afgelaai word. Skenkings kan ook erediens toe gebring word. U kan meer inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

Woensdag 21 Oktober

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie (082 561 8747) indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie**. Volg asb die regulasies.

Vrydag 23 Oktober

MANNEGROEP

05:00 by Elandré Bosch (Lilylaan 68). Alle manne welkom om te kom saamkuier.

Volgende Sondag 25 Oktober

Omdat dit skoolvakansie is, is daar die volgende 2 sondae net een erediens om 09:00. Die nagmaal van Sondag 1 November verskuif na Sondag 15 November. U is welkom om in die kerkgebou saam te kom nagmaal hou. Weens gesondheidsredes verkies ons dat u u eie nagmaalmandjie met brood en wyn saambring. Daar sal wel, soos altyd, kelkies wyn en brood in die erediens beskikbaar.

KRAGGAKAMMA EAT-A-LOT

Daar is GROOT opgewondenheid!!! Van potjiekos, pannekoeke, spitkoeke reg deur tot ń digitale pretdraf, kerrievetkoek, kerrie & rys en klein koekies!! (hamburgers en sosatierolle is opgeëet) Maar die grootste hiervan is om almal te laat voel hulle is deel van Christus se familie. Om mekaar weer te sien en deel te hê aan die vreugde as ons in Christus saam beweeg!

Dagboek Kraggakamma EatAlot datums en bestel op ons aanlynwinkel of by Niekie. As jy wil kom braai, bak of gesels kontak ons gerus. Lets enjoy this!

Maak solank 'n aantekening van die volgende datums, sodat jy nie uitmis op heerlike Kermiskos, soos net Kraggakamma Gemeente dit kan maak nie.

Saterdag 14 November vanaf 11:00 – Spitkoeke en Pannekoek, koekies en beskuit asook 'n virtuele pretdraf

Sondag 29 November vanaf 12:00 – Potjiekos en Poeding

Vrydag 4 Desember vanaf 17:00 – Kerrie en Rys, Kerrievetkoek en Pannekoek

Meer inligting volg nader aan die tyd.

HUIS 8 VAN MTR SMIT KINDEROORD

Huis 8 van MTR Smit Kinderoord het laat weet dat hulle die volgende behoeftes het:

- Stoof (die huidige stoof se plate werk maar die oond is onherstelbaar)
- Wasmasjien
- Mikrogolfoond
- Mop

Indien jy kan help of 'n bydrae wil lewer, kontak asb. vir Debah van Eeden (082 933 2443) of die kerkkantoor.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

18 Oktober	Karlien Dreyer, Elani Landman en Roselle Otto
19 Oktober	Leandi Claassen, Linda Rossouw en Christo van der Merwe
20 Oktober	Stefan Conradie en Amelie Vlok
21 Oktober	Tommie Redpath, Lezinda Scholtz, Therese Stapelberg en Louis Vorster
22 Oktober	Benji de Lange, Paul Kloppers, Nadine Mc Cabe en Marissa Smith
23 Oktober	Catharina Coetzee
24 Oktober	Dalene Pagel, Vanessa Schoeman en Joey Vivier

HELP ASSEBLIEF

Die Bybelstudie-groep van Laura Krause is op soek na nog 'n eksemplaar van die boek:"Geloof vir 'n tyd soos hierdie" deur Johan Smit. As enige iemand in die gemeente so 'n Bybelstudie boek het, wat klaar gebruik is, sal ons baie bly wees om dit oor te neem of te leen. Kontak vir Laura indien jy kan help (041 364 2732 / 083 410 1227)

DIGITALE SPAN

Daar is geen twyfel dat die digitale bediening gekom het om te bly nie.
Is daar iemand wat op hierdie diensgroep wil help? Kontak asb vir Niekie.

DANKOFFER

Die eerste 7 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

TIENDEMAAND DANKOFFER

Ons herinner jou daaraan dat Oktober ons tiendemaand dankoffer maand is en doen 'n beroep op jou om biddend te oorweeg om 'n ekstra dankbaarheidsbydrae te maak. Die kerkraad het R180 000 begroot vir die tiendemaand dankoffer. Ons besef die pandemie het baie dinge sedert begrotingstyd verander.
Van ons worstel om finansieël te oorleef. Die Here vra nie van iemand iets wat jy nie het nie. Die van ons wat wel kan, kom ons seën die Here met ons beste dankbaarheidsbydrae. En kom ons bid en vertrou die Here om steeds by die begrote mikpunt uit te kom.
Hoe waar is die verse in Psalm 54:8-9 nie vir almal van ons nie? "Dan (omdat die Here my help en my lewe instand hou) sal ek offers aan U bring, selfs meer as wat U vra, ek sal u Naam loof, Here, want U is goed, U het my uit elke benoudheid gered en my oor my vyande laat triomfeer."

ADVERTENSIEBLAD

Hierdie advertensieblad gee gemeentelede kans om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer.
Gemeentelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za.
Die advertensies sal op facebook verskyn. Die inligting word 2 weekliks uitgestuur op die Wattsapp gemeentegroep.